Gimmie Griffie

26 Oktober 2017

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 34***

GEAGTE OUERS

Alle handboeke moet op die dag wat die vraestel geskryf word, ingegee word. Indien 'n boek verlore of beskadig is, moet u asseblief 'n betaling van R250 maak en die bewys dan by die vakonderwyser inhandig. Ons wag vir die Departement om 'n datum te gee wanneer die rapporte uitgedeel mag word. Ons sal u in kennis stel sodra ons die datum kry.

Ons herinner ouers aan die jaarlikse begrotingsvergadering wat op 15 November plaasvind. Die begroting is ter insae by mev. Badenhorst beskikbaar.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

ATLETIEK

Die jaarlikse NWU Top 30 atletiek-byeenkoms het die afgelope naweek op die PUK Mc Arthurstadion plaasgevind. Daar het 50 skole in twee verskillende afdelings deelgeneem. Gimmies was die enigste Potch-skool wat in afdeling A deelgeneem het en 'n skaflike elfde plek behaal het. Die atlete spog dan ook met ses items van meer as 1000 punte op hierdie spogbyeenkoms: Almero Niemann (diskus), Karmen Fouché (verspring), Wian Oosthuizen (100m en 200m), Danielle Verster (800m) en Miandi van Staden (100m). Daar is ook 15 prestasies van 900 en meer punte, asook 18 prestasies van 800 en meer punte wat behaal is.

NOORDWES-JEUGKOOR

Alle Gimmies word uitgenooi na die NW-Jeugkoor se oudisies. Dit vind op Vrydag 27 Oktober vanaf 15:00 tot 17:00 in Gimmies se Kultuursentrum plaas. Die koor beplan onder andere die volgende vir 2018: Deelname aan die Wêreldkoorspele in Pretoria (Julie 2018) en nasionale Jeug-koorkursus en -simposium (Oktober 2018). Vir meer inligting kan mev. Starr Veldsman by 082-440-7002 gekontak word.

ALLE GIMMIE-OUERS

- Die volgende Sasima verskyn aan die einde van November as insetsel in die Herald. Tienduisend eksemplare word gedruk.
- Spesiale pryse is beskikbaar vir diegene wat in ons koerant wil adverteer.
- Stuur 'n e-pos aan me. Mizelle Prinsloo by gdprinsloo@gmail.com.
- U ondersteuning word waardeer.